# Groeisyfers is ‘n vroeë vakansiegeskenk

**Plaaslike ekonomiese nuus: Desember 2009**
**deur Tendani Mantshimuli, verbruikersekonoooom, Liberty**

Hoewel ons amptelik uit die resessie is, bly verbruikers met goeie rede op hul hoede. Skuld en werkverliese het verbruikersbesteding beïnvloed, maar die herstel van die finansiële markte behoort verbruikersbesteding ‘n hupstoot te gee. Sakevertroue is geleidelik aan die herstel en in 2010 behoort ekonomiese groei verder momentum te kry.

## SA amptelik uit die resessie

Daar was goeie nuus van Statistiek Suid-Afrika toe hulle BBP (Bruto Binnelandse Produk-)syfers bekend gemaak het wat daarop dui dat die ekonomie in die derde kwartaal met 0.9% gegroei het en dus amptelik uit ‘n resessie is. Hoewel dit geensins beteken dat die gevaar verby is nie, word die nuus steeds verwelkom. Terwyl ons kan verwag dat die ekonomie voortaan ‘n positiewe groeikoers sal toon, sal dit nog nie naastenby die land se potensiële opbrengs van 4.5% haal, of die kwartaallikse syfers waaraan ons voor die tweede helfte van 2008 gewoond geraak het, weerspieël nie.

## Handels- en finansiële sektore steeds swak

Wanneer ons die bydrae van die ekonomiese sektor tot die algehele groeikoers van naderby beskou, is dit maklik om die rede in te sien vir die stadiger groei.

Soos verwag, het die vervaardigingsektor sowel as die konstruksie-, elektrisiteit-, gas-, water- en algemene regeringsektore besonder goed gevaar. Die kleinhandel- en finansiële sektore het egter swak gebly en toon steeds ‘n negatiewe groeikoers, hoewel matiger as in die vorige kwartaal.

Hierdie sektore wys dat besteding, veral verbruiksbesteding, steeds onder druk is.

## Skuld en werkverliese het verbruikersbesteding ingekort

Hierdie druk op besteding spruit uit hoë skuldvlakke wat besig is om stadig te daal ondanks die rentekoersverlagings en die lae inflasiekoers wat ons op die oomblik beleef. Inflasie het van 6.1% in September tot 5.9% in Oktober gedaal, wat die eerste keer sedert 2006 is dat dit binne die teikenbaan bly.

Werkverliese het bygedra tot verbruikers se huiwering om te bestee, wat weer ‘n uitwerking het op die ekonomie. Die wêreldwye resessie het ‘n ongekende aantal werkverliese meegebring. Plaaslik was daar in die derde kwartaal alleen ‘n totaal van 418 000 werkverliese. Selfs al duur die ekonomie se positiewe groeikoers voort, beteken dit steeds nie dat werksverliese onmiddellik op ‘n einde sal wees nie. Indiensneming is ‘n sloerende aanwyser, aangesien ondernemings slegs aanstellings maak wanneer hulle op ‘n volgehoue basis geld maak, wat beteken dat verbruikers steeds met reg besorg kan wees oor hul betrekkings.

Vir groei om oortuigend te styg en volhoubaar te wees, moet dit deur stewige verbruikersbesteding in al die sektore van die ekonomie ondersteun word.

LEWE * GESONDHEID * BELEGGINGS * BESIGHEID

## Bonusse is onwaarskynlik, maar sakevertroue neem toe

Die komende vakansieseisoen sal nie so vrolik wees as wat dit in vorige jare was nie. Dit lyk asof die meeste ondernemings nie in staat sal wees om jaareind-bonusse te betaal nie, aangesien die vooruitsig vir besigheid minstens nog vir die vierde kwartaal onseker is. Die goeie nuus is egter dat die Buro vir Ekonomiese Navorsing se sakevertroue-indeks vir die vierde kwartaal gestyg het, wat daarop dui dat besigheidsvooruitsigte na verwagting ietwat sal verbeter. Dit is belangrik dat 'n ommeswaai deur die sakesektor beleef word, aangesien dit die vloed van afleggings sal stuit.

## Die herstel van finansiële markte behoort verbruikersvertroue 'n hupstoot te gee

Vergeleke met die hoogtepunte van die afgelope paar jaar bly verbruikersvertroue redelik laag. Dit word deels beïnvloed deur werkverliese en die onseker vooruitsigte van verbruikers se inkomstes en finansiële posisies. Die herstel van die finansiële markte behoort egter 'n positiewe uitwerking op verbruikers te hê, aangesien hulle die inkomste kan bestee wat hulle uit aandelebeleggings verdien. Vertroue sal na verwagting herstel namate die herstel van die ekonomie en die markte bly voortduur. Die inkomstes van verbruikers het ook reeds danksy laer rentekoerse 'n hupstoot gekry, aangesien dit die terugbetaling van skuld vergemaklik.

## Waarna om in 2010 uit te sien

Alles in ag genome behoort daar in 2010 'n mate van verligting te wees om na uit te sien:

- Inflasie sal na verwagting binne die eerste helfte van die jaar weer binne perke wees
- Rentekoerse word verwag om op huidige vlakke te bly en sal in alle waarskynlikheid eers laat in die jaar of selfs vroeg in 2011 weer styg.
- Namate ekonomiese groei momentum kry, met 'n hupstoot van die bedrywigheid rondom die Wêreldbekergeleentheid, sal daar geleentheid wees vir werkskepping.